

INSKRYWINGS VIR 2022 HOEF NIE 'N KOPSEER TE WEES NIE: MAAK SO OM 'N VALIA TE WORD

STAP 1, 2 en 3: Vanaf 10 Augustus 2021 omstreeks 8:00 moet u AANLYN REGISTREER

Fase 1: 10 Augustus 2021 tot 3 September 2021 (Gauteng laerskole)

Fase 2: 13 September 2021 tot 8 Oktober 2021 (Laerskole buite Gauteng)

(u kan dit op u slimfoon of tablet of rekenaar doen u het slegs internetoegang nodig)

Jy sal 'n link per sms/e-pos ontvang wat jou na die webtuiste toe sal neem. Jou inligting (huis adres en kontakbesonderhede) sal reeds op die stelsel wees. verifieer jou inligting inligting met jou selfoonnommer (fase 1).

Besoek die webtuiste: www.gdeadmissions.gov.za of skakel Hoërskool Transvalia om jou te help met die proses.

Tik in jou adres om te bepaal of Hoërskool Transvalia in jou "feeder zone" is, indien nie skakel die skool om jou te help.

Kliek op "Register"

STAP 1 "Personal Details": Kies of u die "parent" of "guardian" is en tik jou Suid-Afrikaanse ID-nummer in, naam, van, geslag, selfoonnommer, epos adres (nie-verplichtend maar ons verkies dat u dit doen asb.), "username" (Gebruikersnaam) (ID nommer), "password" (wagwoord) (NB! Wagwoord moet die volgende bevat: ten minste 1 kleinletter, 1 hoofletter, 1 getal, 1 spesiale karakter en moet ten minste 8 karakters lank wees.

STAP 2 "Address Details": soek jou Huis adres en kliek "submit", indien u huis adres nie in die "feeder zone" is nie registreer jou werk adres. (NB! Jou selfoonnommer is verplichtend aangesien dit as primêre kommunikasie-middel gebruik gaan word) (NB! U adres moet volgens Google Maps in die tabel verskyn, anders kies jy die naaste punt aan jou adres). Jy kan jou ID, bewys van huis- en werk adres oplaai op die stelsel indien jy dit so verkies maar die beste opsie is om dit vir die skool te e-pos of fisies in te bring.

STAP 3 "Register Learners details": tik jou kind se ID nommer, naam, van, geslag, provinsie, geboortedatum, huistaal, ras, graad waarvoor jy aansoek doen (Gr. 8), Kies jou taal van onderrig (Afrikaans), kliek op "Yes" vir die vraag of die skool waarvoor jy aansoek doen in Gauteng is en kliek op "Public" by die vraag of die skool "Public" of "Private" is, tik u huidige laerskool in by "Current school" kies die skool en "submit" om stap 3 te voltooi.

STAP 4 "Apply": "Application Option" gaan vir jou die volgende opsies gee:

Home address Within Schools Feeder zone (Kies Hoërskool Transvalia 1ste), Sibling/previous school, Work address within feeder zone, Home Address within 30km radius, Home Address beyond 30km radius. As jou huis adres, werk adres of laerskool (previous school) nie in die skool se direkte voedingsarea is nie, moet jy nie bekommerd wees nie – kies "home address beyond 30km radius", jy sal dan 'n waglys B nommer ontvang, maar volgens die skool se kriteria sal jy op ons aansoek alreeds aanvaar wees aangesien ons die kapasiteit het om waglys A en B kandidate te kan akkommodeer.

Kliek "Apply" en dan is jou kind se aansoek suksesvol.

Jy sal dan 'n Waglys nommer ontvang en 'n boodskap wat u herinner om binne 7 dae na die aansoek die volgende dokumente saam met u aansoekvorm na die skool toe te bring indien u nog nie aanlyn aansoek proses van die skool gedoen het nie:

Afskrifte van Geboortesertifikaat, Bewys van verblyf, Nuutste/Jongste Rapport en Ouers of Voog se ID – dokumente.

NB! Indien jy 'n fout gemaak het of jou ander aansoek wil kanselleer kan jy dit by "schools applied to" gaan doen.

Indien jy 'n fout gemaak het met jou persoonlike inligting bv. Jou adres het jy een van 2 opsies: kontak die skool sodat ons jou kan help of "delete" jou profiel op die stelsel en begin 'n nuwe profiel.

BELANGRIK: U HOEF NIE VOORAF TE REGISTREER NIE, ONS SAL U HELP MET AL DIE STAPPE

DIE SKOOL MAG EN KAN OOK NAMENS U REGISTREER EN DIE AANSOEK INDIEN.